**Maandag 6 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1 – 20:2**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:2**
**God bind Hom aan ons**
Verklaarders beskryf hierdie gebeure as ’n hoogtepunt in die geskiedenis van die volk Israel in die Ou Testament. Die verskyning van God op die berg Sinai eggo dwarsdeur die Ou Testament. Dit was ’n bepalende ontmoeting tussen God en sy volk. Wat hier gebeur, is geweldig, dis aangrypend. Byna onverstaanbaar vir die menslike verstand. Moses wat met God praat, en God antwoord hom in donderslae. Ons kan ons nie voorstel hoe dit moes gewees het nie.
Destyds by die brandende doringbos het God vir Moses gesê: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid” (Eks. 3:12). En nou is hulle hier by die berg. En dan maak God Homself op ’n besondere manier aan sy volk bekend, en Hy bind Hom aan hulle: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.” Al die gebooie word dan ingelei met hierdie woorde. Oor al die gebooie staan dit geskrywe: bevryding, verlossing, vreugde! Net hierdie God kan verlos!
Eeue later stuur Hy die Middelaar van die nuwe verbond: ons Here Jesus Christus. En Hy het die wet volmaak onderhou, in ons plek. Hy het al die skuld wat ons gemaak het, betaal met sy bloed. Daarom bind God Hom steeds aan ons. Jesus Christus is ons Middelaar, NIE soos Moses wat duskant die beloofde land gesterf het nie. Hy lei ons na die hemelse Kanaän waar ons vir altyd aan God gebind sal wees.
*Sing: Skrifberyming 45 (18-7):1, 12*
*Ds. WJ Botha (Kobus) (Bloemfontein-Noord)*